education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## MEMORANDUM

## MODEL 2008

**PUNTE: 125**

**Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A moet op hierdie vraestel met potlood beantwoord word.

3. AFDELING B moet in 'n ANTWOORDBOEK met ink (blou of swart) beantwoord word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Kandidate mag toegang hê tot 'n musiekinstrument om Afdeling A van hierdie vraestel te voltooi.

6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

Bestudeer die musiek ('n klavierreduksie van 'n uittreksel uit *Sizongena* vir SATB) en beantwoord die vrae na aanleiding van die gegewe stuk:



1.1 Watter stemparty begin met die tema?
**Antwoord**: *Bas* (1)

1.2 Watter komposisietegniek verskyn tussen die stempartye in maat 4?
**Antwoord**: *Nabootsing* (1)

1.3 Verskaf een woord/term vir die omkringde ritmiese patrone in die altstem van mate 6 en 7.
**Antwoord:** *Sinkopasie* (1)

1.4 Skryf mate 8 en 9 oor in uitgebreide partituur vir **EEN** van die volgende:

1.4.1 SATB (teks weggelaat) (4)

*Memorandum:*

*Let op na nootsteelrigting* *1*
*Korrekte sleutels en toonsoorttekens* *1*
*Korrekte stemverdeling* *1*
*Netheid bv. vertikale presisie.* *1*
*(4)*




**OF**

1.4.2 Strykkwartet (2 viole, altviool en tjello)

*Memorandum:*
*Let op na nootsteelrigting* *1*
*Korrekte sleutels en toonsoorttekens* *1*
*Korrekte stemverdeling* *1*
*Netheid bv. vertikale presisie* *1*
*(4)*

Kopiereg voorbehou 




1.5 In solfa notasie sal die volgende bewoording bo-aan hierdie koorstuk staan: *"Do is A-mol."* Skryf 'n melodiese mineurtoonleer op- en afgaande sonder toonsoorttekens, in die tenoorsleutel, wat op "*la*" begin. Gebruik enkelvoudige vierslagmaat en dui die halwetone met 'n bogie aan. (4)

*Memorandum*

| | |
|---|---|
| *Korrekte toonleer met skuiftekens: -1 per fout* | *3* |
| *Sleutel en tydsoort* | *1* |
| | *(4)* |




1.6 Beskryf die intervalle soos gemerk in die partituur, volgens soort en afstand:

1.6.1 **Antwoord:** *majeur terts*
1.6.2 **Antwoord:** *rein duodesiem (12de)*
1.6.3 **Antwoord:** *mineur septiem* (3)

1.7 Transponeer die basparty van mate 6 en 7 'n verminderde kwint laer. Behou dieselfde sleutel en skryf die nuwe toonsoortteken vooraan. (3)

*Memorandum:*

| | |
|---|---|
| *Korrekte toonsoortteken* | *1* |
| *Korrekte toonhoogtes -½ per fout (let op nootsteelrigting)* | *2* |
| | *(3)* |



1.8 Besyfer die akkoorde in die volgende mate:

1.8.1 Maat 3: polsslae 1 en 2:
**Antwoord:** *ii*

1.8.2 Maat 4:
**Antwoord:** *V7*

1.8.3 Maat 5: (3)
**Antwoord:** *I* **[20]**

**VRAAG 2**

Antwoord Vraag 2.1 **OF** Vraag 2.2

2.1 Skryf 'n 12-maat melodie gebaseer op 'n mineur-toonleer wat 'n verwantskap het met E-mol majeur.
Maak gebruik van enige saamgestelde tydsoort en gebruik een van die volgende as ritmiese motief:
**duool; triool; kwintool; sinkopasie.**
Dui die stem/instrument wat hierdie melodie moet uitvoer in die gegewe ruimte aan.
Voorsien jou melodie van frasering en 'n toepaslike tempo-aanduiding. (12)

**OF**


2.2 Skryf 'n 12-maat melodie gebaseer op die 'blues'-toonleer wat op die noot F begin.
Maak gebruik van enige enkelvoudige tydsoort en gebruik een van die volgende as ritmiese motief:
**duool; triool; kwintool; sinkopasie.**
Dui die stem/instrument wat hierdie melodie moet uitvoer in die gegewe ruimte aan.
Voorsien jou melodie van frasering en 'n toepaslike tempo-aanduiding (12)

*Memorandum*

| | |
|---|---|
| *Vorm* | *2* |
| *Toonleer- en tydsoortaanwending* | *2* |
| *Ritmiese motief* | *2* |
| *Melodie: toepaslik vir stem/instrument* | *1* |
| *Afronding: frasering/artikulasie vir spesifieke stem/instrument* | *1* |
| *Algemene musikale indruk* | *4* |
| | (*12*) |

2.3 Op watter toonleer/modus is elk van die volgende gebaseer?
Voeg ‘n geskikte tydsoortteken vooraan elke melodie.
Dui die tipe tydsoort aan as: enkelvoudig, saamgesteld of onreëlmatig.


2.3.1 *Memorandum*



**Antwoord:**
Toonleer: _Dories_ (1)

Tydsoort: _7/8 = onreëlmatig_ (1)


2.3.2



**Antwoord:**
Toonleer: _Bluestoonleer_ (1)

Tydsoort: _4/4 = enkelvoudig_ (1)


2.3.3




**Antwoord:**
Toonleer: _Harmoniese mineur toonleer_ (1)

Tydsoort: _3/8/ = enkelvoudig_ (1)

2.3.4



**Antwoord:**
Toonleer: _Pentatonies_ (1)

Tydsoort: _5/4 = 0nreëlmatig_ (1)

4+4=
(8)
**[20]**

## VRAAG 3

Voltooi Vraag 3.1 **OF** Vraag 3.2

3.1 **Tradisionele vierstemmige harmonisering**
Harmoniseer die onderstaande sopraanparty vir vierstemmige koor (SATB). Gebruik minstens EEN progressie wat 'n akkoord in tweede omkering bevat.. Voeg minstens een van die volgende in die drie onderste stemme wat jy byskryf:

**[20]**

**deurgangsnoot, wisselnoot, terughouding, vooruitneming**.

*Memorandum:*

| | |
|---|---|
| *V7* | *1* |
| *6/4 progressie* | *2* |
| *Akkoordkeuse* | *5* |
| *Grammatika* | *5* |
| *Nie-harmoniese note* | *1* |
| *Algemene musikale indruk* | *6* |
| | *(20)* |




Enige ander korrekte harmonisering is ook aanvaarbaar.

*[Die vraag oor tradisionele harmonisering kan in toekomstige vraestelle met of sonder 'n teks gevra word.]*

**OF**


3.2 **Nie-tradisionele harmoniese styl**

Skryf akkoorde in die balk bokant hierdie baslyn om dit te komplementeer. Maak gebruik van chromatiese drie- en vierklanke om die passasie in 'n instrumentale ligte musiekidioom daar te stel. Toon die besyfering aan as Romeinse syfers (bv. V7) of akkoordsimbole (bv. G7)
Gebruik een van die volgende deur dit in die gegewe baslyn aan te bring:

**deurgangsnoot, wisselnoot, terughouding, vooruitneming**. **[20]**

*Memorandum:*

| | |
|---|---|
| *Chromatiese vierklanke* | *2* |
| *Akkoordkeuse* | *5* |
| *Grammatika* | *4* |
| *Nie-harmoniese note* | *1* |
| *Algemene musikale indruk* | *8* |
| | *(20)* |




**TOTAAL: /60/**

## AFDELING B

Beantwoord hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

## VRAAG 4

Skryf die programnotas vir 'n konsert van *Brahms se Simfonie nr. 4 in e mineur*. Fokus op die interessante kenmerke van die vierde beweging. Verwys vernaamlik na aspekte soos:

4.1 Komposisie tegnieke (vorm en struktuur) en (8)

4.2 Samestelling van orkes (orkestrasie). Noem 'n instrument in elke afdeling van die orkes. (4)
**[12]**

4.1 Vierde Beweging
Tema en 30 variasies√
Gebaseer op Barok grond bas vorm (passacaglia). √
Uitgebreide Koda√
Tema ingelei deur koperblaas- en houtblaasinstrumente
8-noot tema in 3 maatslag in E mineur√
Tema van Bach se Kantata nr. 150 wat Brahms harmonies verbeter het deur 'n nuwe kromatiese noot in die oorspronklike melodie. √
Die variasies bestaan uit 'n groot verskeidenheid stemmings, sommiges vol passie en sommiges liries en spelerig. √
Brahms fokus op veranderende melodies en ritmiese idees√
Tema vermom deurdat dit in verskillende stemme verskyn bv. Variasie 1-3 boonste of middel stemme, variasie 4 – 11 bas stem. √
Drie groot dele: A B $A^1$ Koda√
Deel A – tema variasies 1- 11, mineur sleutel,vinnig, intens, kragtig√
Deel B – variasies 12 – 15, majeur sleutel, meer rustig, stadiger tempo. √
Deel $A^1$ – Rekapitulasie (Heruiteensetting), mineur√

Koda – vurig, klimatiese verskyning van hooftema in koper- en houtblaasinstrumente. √
Tema vryer behandel. √
Voorgestel in versnellende transformasies. √ (8)

LW: Beweging behoort in sy geheel beskryf te word

4.2 2 fluite, 2 hobo's, 2 klarinette, 2 fagotte, kontrafagot; √ 4 Franse Horings, 2 trompette, 3 skuiftrompette; √ timpani; √ 1ste viole, 2de viole, tjello's, kontrabasse√ (4)

EEN van elke afdeling

**VRAAG 5**

Gee ‘n kort beskrywing van die volgende twee *Jazz*-style in terme van:

- Komposisie tegnieke bv. struktuur, melodie, ritme, harmonie
- Vernaamste instrumente gebruik

Noem ook een bekende musikant of komponis.

5.1 *Ragtime*
Ten minste vier duidelike temas of melodieë van dieselfde karakter√
Marstyd 2/4 of 4/4√
Reëlmatige basstruktuur√
Gesinkopeerde melodielyn√
Kan ook so voorkom: Inleiding AA BB A CC DD (dele is ‘n vasgestelde lengte) √
Aan die begin hoofsaaklik vir klavier√
Verwerkings vir dans- en marsjeer-orkeste√
Scott Joplin√ (6)

5.2 *Bebop*
Vrye struktuur √;
tema gestel en dan gevolg deur improvisasie. √
Styl het begin deur nuwe wysies op die basiese harmoniese struktuur van bekende wysies√
melodiese frases van onreëlmatige lengte bv. 2 of 3 note of ‘n paar mate√
Partykeer bestaan uit oorspronklike, spontane wysies van begin tot einde√
Dissonante en kromatiese akkoorde√
Ingewikkelde kruisritmes√
Vir luister eerder as vir dans√
Basiese instrumentale groep – saksofoon, trompet, bas, tromme en klavier. √
Kwartette, kwintette, sekstette√
Charlie Parker of
Dizzy Gillespie of (6)
Thelonius Monk√ **[12]**

**VRAAG 6**

6.1 Beskryf kortliks DRIE van die kenmerke van die Popmusikant of groep wat jy bestudeer het. (6)

6.2 Noem EEN liedjie of album gekomponeer deur dié musikant of groep. (1)
**[7]**

Noem die musikant en styl aan die begin van jou antwoord.

| | 6.1 | 6.2 |
|---|---|---|
| R & B Pop<br>Michael Jackson | Hoë tenoor, √<br>dinamiese seksualiteit. √<br>Oorspronlike dansbewegings. (robot, moonwalk) √<br>Revolusionêre transformasie van musiekvideos (mini-rolprente), √<br>sluipende basfigure, sweepklap eerste slagmaat, √multibaan vokalelyne. √<br>Teenstrydighede: melodies en gemaklike met spookagtig en aaklige. √ | *Bad,*<br>*Thriller,*<br>*Off the Wall,*<br>*Billi Jean,*<br>*Man in the Mirror*√ |
| Glamrock<br>David Bowie | Teatrale styl van rockmusiek; √<br>humor-element; √<br>visuele impak; √<br>Lirieke op tiennerrewolusie, sensualiteit, dekadensie√ | *The Rise and Fall of Ziggy Stardust;* √<br>*The Man who sold the World;* √<br>*Lady Stardust*√ |
| Britpop<br>Oasis | Eenvoud – barre chords, grondposisie bas akkoorde; basiese ritmes√<br>Sonder finesse en kompleksiteit; √<br>Versterkte verwronge klanke; √<br>Neem lirieke en 'riffs' van ander kunstenare√ | *Definitely Maybe*<br>*(Whats the Story) Morning Glory*<br>*Be Here Now*<br>*Heathen*<br>*Chemistry*√ |
| Seuns/ Meisies Groepe<br>Westlife of Spice Girls | <u>Westlife</u>:<br>ryk harmoniese klank, √<br>mooi verwerkings; √<br>deel leier vokalerol in verskillende liedjies; √<br>vier lede is liedjie skrywers. √<br><br><u>Spice Girls</u>:<br>Middelweg Pop, √<br>musiek, kleredrag gefokus op vroulike tienermark – 'girl power'√<br>'in your face' dansroetines√<br>beweeg weg van Britpop na siuwer internasionale popmusiek idioom. √ | *Westlife;*<br>*Coast to Coast;*<br>*Together Girl Forever;*<br>*I have a Dream/ Seasons in the Son;*<br>*Fool Again;*<br>*You raise me up.* √<br><br>*Wannabe*<br>*Say you'll be there;*<br>*Who do you think you are; Spice up your life;*<br>*Too much;*<br>*Goodbye*√ |

| | | |
|---|---|---|
| Heavy Metal<br>Metallica | Skerp en luide benadering tot musiek. √<br>Dik, swaar en trom gesentreerde klank, √<br>hoogs versterkte en verwronge klanke; √<br>vinnige kitaar solos, √<br>uiterstes in volume, 'machismo' en teatrikaliteit√<br>Geneig tot misdadigheid en opstandigheid teen gesag. | *Ride the Lightning*<br>*... And Justice for All*<br>*Kill 'Em All*<br>*No Life 'Til Leather* √ |

**VRAAG 7**

Soek TWEE kenmerke uit Lys A en TWEE albums uit Lys B wat pas by die Suid-Afrikaanse popkunstenaar wat jy bestudeer het. Skryf SLEGS die relevante vier vraagnommers (twee uit elke lys) langs die naam van die betrokke musikant neer.

Noem die kunstenaar bo-aan jou antwoord.

**LYS A**

7.1 Hy is bekend vir sy diep stem en kragtige vokale styl.
7.2 Sy stem is al vergelyk met Neil Diamond s'n.
7.3 Hy het al 'n liedjie op die Belgiese treffersparade gehad.
7.4 Hy sing veral in die reggaestyl.
7.5 Sy musiekstyl word veral gekoppel aan kwaito en hy is ietwat van 'n straatdigter (urban poet).
7.6 Hy het al Suid-Afrikaanse sowel as internasionale toekennings gekry. (2)

**LYS B**

7.7 Rastas never die
7.8 Beautiful noise
7.9 Godoba
7.10 Pampoen
7.11 9115 Zola South
7.12 Think about the children (2)

Memo
1. Lucky Dube – 7.4, 7.6, 7.7 en 7.12 of
2. Steve Hofmeyr – 7.2, 7.3, 7.8 en 7.10 of
3. Mandoza – 7.1,7.5, 7.9 en 7.11 **[4]**

**VRAAG 8**

Jy stel die Afrika koorstuk wat jy bestudeer het aan 'n nuut gestigte koor voor wat bestaan uit lede van 'n gemengde kulturele agtergrond. Beskryf die Afrika koorstuk wat jy bestudeer het ten opsigte van DRIE van die volgende: (Noem die koorstuk en nommer dienooreenkomstig jou keuse.)

"***Plea for Africa***" deur JK Bokwe

8.1 Begeleiding (instrumentaal of liggaamlik) indien dit voorkom
Weergawe vir klavier of orrel, √
4 stemmige begeleiding√ (2)

8.2 Stemming en karakter
Gesang, √
matige tempo ( alhoewel geen tempo aanduidings voorkom) √ (2)

8.3 Vorm
Begin met instrumentale inleiding. √

Solo sing vers. √
Gevolg deur tutti koor. √
AB vorm. √
Frases van reëlmatige lengte begin op laaste slagmaat. √ (2)

8.4 <u>Harmoniese, ritmiese en melodiese kenmerke</u>
Weergawe in F majeur. √
Kort aanduiding van modulasie na C majeur (mates 15 – 16) en B mol majeur, (mate 25 – 26). √
Chromatiese begruik van B herstelling. √
Oktaaf vokale omvang. √ (2)

8.5 <u>Strekking van teks</u>
Woorde van 'n onbekende 'Glasgow Lady'. √
Smeek, gebed aan Jesus, om nie die lydende kinders van Afrika te vergeet nie. √ (2)
**[6]**

"***Monna e Motenya***" deur Bonisile Gcisa

8.1 <u>Begeleiding (instrumentaal of liggaamlik) indien dit voorkom</u>
Bewegings geskik vir die ritme√
en relevant volgens teks√
Voete beweeg stapsgewys vorentoe en agtertoe. √ (2)

8.2 <u>Stemming en karakter</u>
Geluk en tevredenheid, √
vir sosiale geleenthede√
Snaaks/ plesierig√ (2)

8.3 <u>Vorm</u>
Leier stem√
interaksie tussen karakters√.
Lied word oor en oor herhaal. √
Afrika vorm√ (2)

8.4 <u>Harmoniese, ritmiese en melodiese kenmerke</u>
Tipiese Afrika harmonisering – parallel 5des and oktawe√
Die alt-, tenoor- en baspartye is melodies in so 'n manier geskep dat die gevolglike harmonie nie vooruit beplan is nie. √
Die alt, tenoor en bas beweeg gereeld in dieselfde rigting√
Westerse harmoniese elemente kom ook voor. √ (2)

8.5 <u>Strekking van teks</u>
Die taal is Sesotho. √
'n Vet man is getroud aan 'n vet vrou. Hul kinders is ook vet. √
Hy het fietse vir hulle gekoop. √
Hulle ry baie op hul fietse (op 'n vet manier).√ (2)
Toe hulle af val was dit baie seer. √
**[6]**

"***Gabi, Gabi***" verwerking deur William C Powell

8.1 Begeleiding (instrumentaal of liggaamlik) indien dit voorkom
A cappella √
met opsionele slaginstrumente. √ (Klavier begeleding geskryf vir oefen doeleindes) (2)

8.2 Stemming en karakter
Matige tempo maar energiek√ (2)
'n Pryslied√

8.3 Vorm
8 maat frase√
2 motiewe√
Frase word oor en oor herhaal. √ (2)
Afrika vorm√

8.4 Harmoniese, ritmiese en melodiese kenmerke
Eerste frase het interessante ritmiese kenmerke – verlenging van openings-ritme√
Kontrapuntal ritmies en melodies√
Tweede frase – eenvormig ritmes√
Verlaagde sewende gebruik in altstem. √
Dissonante tweedes en neendes kom voor√ (2)

8.5 Strekking van teks
Die taal is Nguni (Zoeloe of Xhosa). √
Pryslied aan God, die Vader. √
Wat die gevangenes vrystel√ (2)
En die hongeres voer. √ **[6]**

Beantwoord VRAAG 9.1 of VRAAG 9.2

**VRAAG 9**

9.1 Kwaito is 'n relatiewe "nuwe" ontwikkeling in musiek en dans. Watter ander musiekstyle het aanleiding gegee tot dié genre en hoe het dit verder ontwikkel in Suid-Afrika?

9.1 Antwoord:
Musiekstyle:
- Diskomusiek. √
- Hip-hop. √
- R&B. √
- Internasionale "house"musiek. √
- Reggae√ (enige twee)

Ontwikkeling:
- Vokale lyne word gesingpraat (chant). √
- Afrika-perkussie word gebruik vir begeleiding. √

- Lirieke is ‘n mengsel van S.A. inheemse tale met Engels (Isicamtho). √
- Soms is die lirieke ook polities van aard en handel en veroordeel veral die verdrukking van swart mense in Suid-Afrika en die situasie in die townships. √
- Dansbewegings is soms baie sensueel. √ (enige vier) **[6]**

Nota: enige ander korrekte moontlikheid is ook aanvaarbaar.

**OF**

9.2 Beskryf die tradisionele musiek of die musiek gebruik vir ‘n sosiale geleentheid van ‘n spesifieke kultuur. Noem en beskryf DRIE van die volgende wat van toepassing is:

(Noem die kultuurtipe en nommer dit ooreenkomstig jou keuse.)

9.2.1 <u>Die tipe kulturele of sosiale geleentheid</u>

- Bv. Kaapse Klopse√ – Nuwejaar√
- Sotho √– volwassewording, inisiasie√ (meisies) (2)

9.2.2 <u>Die musiek-instrumente gebruik</u>

- Bv. Banjo, kitare, √ marsjeertromme (*gomma)*, √ tamboeryne √
- Enkelklokkies√, groot trom √ (2)

9.2.3 <u>Die bewegings uitgevoer</u>

- Bv. Marsjeer, √ met individuele dansimprovisasies√
- Meisies op knieë in ‘n kring, √ bolyf beweeg van sy tot sy en vorentoe en agtertoe√ (2)

9.2.4 <u>Die uitrustings van musikante</u>

- Bv. Kleurvolle satynpakke, hoedjies, √ sambrele en stokke, √ gesigverf√
- Kaal bolyf en voete, √ gras of diervel rompe, √ arm- en enkelband van kraletjies gemaak√ (2)

9.2.5 Die musikale struktuur

- Bv. Inleidende solo√ gevolg deur koor√
- Roep√-en-antwoord√ (2)

9.2.6 Die melodie en ritme

- Bv. Marsjeer√ op bekende tradisionele en kontemporêre liedjies√
- Kort frases herhaal, √ met improvisering deur verskillende individu's√ (2)

9.2.7 Die harmonie

- Bv. Eenvoudige twee of drie stemmige harmonieë√√
- Hoofsaaklik 4des, 5des of oktaaf verdubbelling√√ (2)

**[6]**

**VRAAG 10**

Jy is afgevaardig deur die studenteraad om 'n onderhoud te voer met EEN van die volgende komponiste ter voorbereiding vir die viering van Erfenisdag.

10.1 Mzilikazi James Khumalo

10.2 Niel van der Watt

10.3 SJ Khosa

Skryf 'n verslag vir die studenteraad waarin jy die volgende meld:

- Relevante biografiese informasie
- Gebruik van musikale elemente in komposisies: ritme, melodie, harmonie, struktuur, instrumentale gebruik en tipes komposisies, titels van komposisies, musiekstyl (Afrika-elemente) ens.

10.1 Mzilikazi James Khumalo

Gebore in 1932 naby Vryheid in KwaZulu- Natal√
Albei sy ouers was baie musikaal√
Sy pa laat hom in die Salvation Army-orkes speel √
Speel die euphonium en studeer later sang√
Leer balk notasie, musiek teorie√
Vertroud met toniek-solfa√
Lid van skool koor √
Help met die onderrig van die junior skoolkoor√
terwyl sy ma hom in die tradisionele Zulumusiek onderrig. √
Sing by gemeenskapsgeleenthede bv. troues√
Baie van sy komposisies is geïnspireer deur die digter Vilakazi. √
Wen 'African Bank Tenth Anniversary Songwriter Contest' met *Isibaya Esikulu Se-Afrika*√
Skryf *Intonga YoSindiso* vir inhuldiging van Archbishop Desmond Tutu√
Betrokke by die nasie-bou konserte√

Sy epiese (verhalende) Kantate, *Ushaka KaSenzangakhona,* wat oor die lewe van Shaka handel, het groot byval gevind by gehore.√ (dit kombineer twee groot kulturele tradisies – Zoeloe gedigte en liedere en die instrumentale en orkestrale tradisie van Europa.) (8)
Heelwat van die tradisionele liedjies wat hy by sy ma geleer het, is verwerk vir koor bv. *Sangena; Bawo, Thixo Somandla* en *Sizongena Laph'emzini.* √

10.2 <u>Niel van der Watt</u>
Musiekopvoeding sluit klavier, klarinet sowel as sangonderrig in. √
BA Ed (Mus); B Mus (Hons) Klaviermetodiek; M Mus (Komposisie); Doktorale studie – Musiekwetenskap. √
Deeltydse dosent by Departement van Musiekwetenskap (UNISA) √
20 jaar al betrokke by kore – sanger, dirigent, komponis en verwerker√
Toonset vooraanstaande Afrikaans digters (Antjie Krog, NP van Wyk Louw).
Invloed van laat romantikusse op vroeë werke√
Meester op harmonie en kontrapunt – eerbiedig en verstaan JS Bach. √
Aanhanger van die Beatles, Billy Joel en ABBA. √
Hou nie van Beethoven. √
Waardering vir jazz, rock en tradisionele Afrika musiek. √

Komponeer vir orkes, solo stem en sekulêre, gewyde en tradisionele koorwerke √bv.

- *African Dawn* vir meisieskoor bestaan uit:
  i. *Boroko*
  ii. *Ka Mehla*
  iii. *Thobela Morena*√

- *A De-commercialised American Christ's Mass*√(gebruik variasies op populêre Kersliedere – 'n geestige dog eerbiedige verwesenliking van die Rooms Katolieke Gewone Mis)
- *Benediction*√
- *Bitterbessie dagbreek*√
- *African Reflection*√
- Komponeer 'n groot aantal Rooms Katolieke liturgiese musiek, insluitend twee Misse en 'n Requiem. √ (8)

10.3 SJ Khosa
'n Tsonga koormeester en komponis√
Werk as musiekinspekteur√
Meer as 400 komposisies√
Beoordelaar op provinsiale en nasionale vlak vir koorkompetisies√
Bedien op seleksiepaneel wat kompetisie liedjies voorskryf√
Het ook massakore dirigeer en opgelei. √
Liedjies word dwars oor die land gesing en voorgeskryf vir kompetisies√
*Mintiro Ya Vulavula* is baie gewild onder Hoërskoolkore. √
*Dzunse Ra Ndabezitha*
*Afrika Lontshwa*√ (8)

**VRAAG 11**

Noem die liedjies en beskryf die bydrae wat elke relevante persoon gemaak het om die woorde en musiek te skep van die huidige Suid-Afrikaanse Volkslied.

Die woorde en musiek van ‘Nkosi Sikelel’ iAfrika’ (God seën Afrika) √
Was gekomponeer as ‘n gesang deur Enoch Mankayi Sontonga √
‘Die Stem van Suid-Afrika’ √
‘n Gedig geskryf deur Cornelis Jacob Langenhoven √.
In April 1921, het Martinus Lourens de Villiers na ‘n paar pogings uitendelik tot voorskyn gekom met ‘n aanvaarbare wysie. √
Jeanne Z Rudolph√ was verantwoordelik vir
die Engelse woorde√,
die musikale verwerking√ en
setwerk√. **[5]**

**VRAAG 12**

Hoekom is dit belangrik dat ‘n komponis sy werk registreer by SAMRO of SARRAL?

Die komponis skep oorspronklike musiek wat plesier en genot verskaf√
Hy moet verseker dat hy nooit beheer verloor oor sy skeppings nie√
Kopiereg verhoed dat mense werke van ‘n komponis gebruik sonder erkenning√
Registrasie stel ‘n komponis instaat om beheer uit te oefen oor gebruik√
Sodoende kry hy ‘n verdienste uit sy skeppings√
‘n Komponis kan dus regverdige en redelike outeursgelde onderhandel vir gebruik√ **[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 65**

**GROOTTOTAAL: 125**